


Vraag 6 Woordstrukture

Lees die paragraaf wat gebaseer is op die strokiesprent.

(“Beeld” – 24 April 2009)



- Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf net die **nommer** en die **korrekte antwoord** neer.

Jeremy se vriend lyk 6.1 (**moeg** – gee die **vergroterende trap**¹) as hy. Hulle sakke is 6.2 (**vol** – gee die intensiewe vorm²) boeke. Skool is net nog een van hul klein³ 6.3 (**probleme** – gee die verkleiningsvorm). Jeremy se hare is te 6.4 (**lang/lank** – kies die korrekte woord). Hy weet 'n **mens** moet 6.5⁴ (vul die voornaamwoord in) hare netjies hou. Sy ouers wil nie 6.6 (**die meeste van die tyd** – gee een woord) met hom 6.7 (**argument** – gee die korrekte vorm) nie. Hulle 6.8 (**glo/belowe** – kies die korrekte woord) Jeremy sal harder werk. Jeremy en sy vriend moet 6.9 (**albei/alby** – kies die korrekte spelling) meer positief wees. Dit is 'n belangrike 6.10 (**leef + les** – skryf as een woord). Jeremy se 6.11 (**kla** – gee die korrekte vorm) vriend moet harder werk, anders gaan die eksamen vir hom 'n groot 6.12 (**skrik/skok** – kies die korrekte woord) wees. Hy moet nie net 6.13 (..... – vul die korrekte **voorsetsel**⁵ in) sy stoel sit en slaap 6.14 (**in plaas van** – gee die afkorting⁶) studeer nie. 'n 6.15 (**Positief** – gee die korrekte vorm) houding is altyd die⁷ 6.16 (**goed** – gee die **oortreffende trap**⁸). Skool is regtig nie so 6.17 (**maklik** – antoniem) nie! Hulle moet ook probeer om elke oggend om 6.18 (**07:30** – skryf die woord⁹) by die skool te wees. Dan is dit 6.19 (**nie nodig nie** – skryf as een woord) dat Jeremy en sy vriend hulle oor hul Graad 12 jaar 6.20 (..... – vul die gepaste woord in).

[20 ÷ 2 = 10]

Vraag 6

- 6.1 moeër¹⁰
- 6.2 propvol¹¹
- 6.3 probleempies¹²
- 6.4 lank¹³
- 6.5 jou
- 6.6 altyd/gedurig

¹ Degrees of comparison : 2nd column

² Onthou: Intensiewe vorm is **een woord**.

³ “klein” dui altyd op verkleiningsvorm (diminutive)

⁴ ‘n mens neem altyd die voornaamwoorde ‘jy/jou’. Watter een sal jy in hierdie sin gebruik?

⁵ Voorsetsel: preposition

⁶ abbreviation

⁷ Die dui op oortreffende trap

⁸ Oortreffende trap: Degrees of comparison: 3rd column.

⁹ Half past 7 in Afrikaans?

¹⁰ -ër omdat daar reeds 'n e is. Handbook and Study Guide bl 12

¹¹ Sakke, blikke, bottels, houers = **propvol**. 'n Vertrek vol mense = **stampvol**. Handbook and Study Guide bl 49

¹² Handbook and Study Guide bl 10

¹³ Byvoeglike naamwoord – predikatief. Handbook and Study Guide bl 14

- 6.7 argumenteer
- 6.8 glo¹⁴
- 6.9 albei
- 6.10 lewensles¹⁵
- 6.11 klaende¹⁶
- 6.12 skok¹⁷
- 6.13 op¹⁸
- 6.14 i.p.v.¹⁹
- 6.15 positiewe²⁰
- 6.16 beste²¹
- 6.17 moeilik²²
- 6.18 halfagt²³
- 6.19 onnodig²⁴
- 6.20 bekommer²⁵

(20 ÷ 2 = 10)

¹⁴ Glo = believe. Belowe = to promise. Geloof = religion/belief

¹⁵ Samestelling. Handbook and Study Guide bl 50

¹⁶ Teenwoordige (onvoltooide) deelwoord. Handbook and Study Guide bl 38

¹⁷ Skrik = werkwoord (to get a fright). Skok = selfstandige naamwoord (noun) (shock).

¹⁸ Voorsetel Handbook and Study Guide bl 43

¹⁹ Handbook and Study Guide bl 44

²⁰ Attributiewe byvoeglike naamwoord.

²¹ Handbook and Study Guide bl 13

²² Handbook and Study Guide bl 47

²³ Halfagt = half **past seven**. Handbook and Study Guide bl 45

²⁴ On- vorm negatief (teenoorgestelde). (Eng: un- / in- / dis-)

²⁵ Bekommer **oor** = be worried/concerned about.

